DOOP-VERJAARSDAG

PLAK 'N FOTO VAN JOU DOOPDAG IN DIE RAAM EN SKRYF DIE DATUM BY

DOOP-VERJAARSDAG



DOOP

ALMAL VAN ONS WIL GRAAG ONS KINDERS SE DOOPDAG SPESIAAL MAAK. JY NOOI FAMILIE EN VRIENDE OM DIE DAG SAAM MET JULLE TE VIER. JY VIER JOU KIND SE LEWE, EN JY VIER GOD SE LIEFDE VIR JOU KIND

HIERDIE VIERING VAN ONS KINDERS, MAAR OOK ONS EIE DOOPDAG, STOP NIE DIE DAG NA DIE DOOP NIE.

HIER IS 'N PAAR WENKE OM AS 'N GESIN JOU DOOP TE VIER:

- Vind uit wanneer elkeen in die gesin se doopdatum is. Vier elke jaar op daardie dae ‘n “doop-verjaarsdag” saam met daardie gesinslid om hulle te herinner dat hulle God se kind is.
- Elkeen kry 'n kans om te vertel of te vra oor hulle doop - bv: waar, wie was daar, wat het jy aangehad
- Ouers vertel wat dit vir jou beteken om jou kind te laat doop
- Kinders vertel hoe verstaan julle die doop bv: hoekom word ons gedoop
- Vul ‘n bakkie met water en sit dit op julle etenstafel. Voor julle saam eet, gebruik ‘n oomblik om jul doop te vier. Julle kan byvoorbeeld elkeen ‘n vinger in die water doop en dan hardop bid: “Dankie Jesus dat ek gedoop is. Dankie dat U vir my lief is en altyd by my is.”
- Steek jou doopkers (of enige kers) aan met doop verjaarsdae
- Wanneer julle as gesin iets wil vier, wil dankie sê, teleurstelling beleef of bang is, steek die doopkers ook as herinnering dat God elke tree saam met ons stap. Met ons doop word ons herinner dat God ons uit genade uit gekies het. Ons is altyd in Sy hande.